

3 November

Skrifgedeelte: Johannes 15:9-25

Beleef die eenheid van Christenwees positief

'n Christen is anders as ander mense. Trouens, as jy nie anders as ongelowiges is nie dan moet jy ernstig nadink oor hoe jy jou band met die Here uitleef. God het jou uitgekies om anders te wees deur die vrugte wat jy dra (vers 16). Dit beteken dat jy die Here se opdragte uitvoer soos Hy in sy Woord beskryf (vers 10). Daar moet ook blydskap uit jou lewe straal (vers 11). 'n Christen is 'n positiewe en blymoedige mens. Hier word nie van oppervlakkige lawwigheid gepraat nie, maar van 'n diep blydskap omdat jy aan God behoort, omdat jy seker is van sy liefde én omdat jy die krag kry om hierdie liefde van Hom in jou lewe uit te leef. Nou is jy anders as ander mense. Daarom "haat" die wêreld sulke mense. Jy herinner hulle aan hoe 'n mens eintlik die Here in jou lewe moet respekteer en sy wil in jou lewe moet erken. Die Christene in die Bybel se tyd sou veral teenoor die Jode van destyds uitgestaan het. Ons as Christene moenie venynig met mekaar wees nie. Ons almal wat bely dat ons "vriende van die Here" is (verse 14,15), moet saamstaan teen 'n wêreld wat "vyande van die Here" is. Kyk of jy nie vandag iemand anders kan ondersteun wat vir die waarheid van God se Woord opstaan nie. En bid die Here dat Hy jou sal lei om jou geloof met blydskap en standvastigheid uit te leef.

Sing: Psalm 125:1

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)